

Sport

Krieket: Oostelike Provinsie kom toets tuispan >> 39

Jeugligas kry geldelike inspuiting

>> Sokker

► Andrew Poolman

Jeugsokker in die Khomasstreek het gister 'n opwindende hupstoot gekry met die bekendmaking van 2017 se eerste HopSol-ligas – 'n inisiatief van een van Namibië se mees prominente uitgetrede sokkerspelers in die geskiedenis, Collin Benjamin

Die strewe is ook om die kultuur van sterk mededinging tussen sokkerskole te laat herleef.

“In die verlede was die kompetisie baie gesond en het 'n goeie klompie skole hewig in elke liga meegeding. Die HopSol jeugligas sal spelers toelaat om hul talent te ontwikkel, die jeug se passie vir sokker weer aan die brand steek en sal ook bydra om verskillende kultuurgroepe byeen te bring,” sê die jarelange verdediger van Hamburger SV in die Duitse



Van links is dr. Robert Hopperditzel van die hoofborg HopSol saam met Wieland Klinger, Harald Fülle, Guido Kandziora en Collin Benjamin wat almal rolle in die administrasie of tegniese opleiding as deel van die HopSol jeugligas sal vervul.

Die plaaslike sonkragmaatskappy HopSol Solar Power het sy borgskap van N\$1 miljoen vir die volgende drie seisoene se jeugliga aangekondig – uiters welkome nuus vir die sokker-gemeenskap.

Benjamin het 'n paar name genoem van jong seuns in verskillende skole, wie se talent hom hoendervleis gee vandat hy hulle sien speel het.

Die ligas strek in die ouderdoms-groepe vanaf onder 9 tot o.19 en sal tot tien spanne per liga beperk word.

Wedstryde sal op 24 Februarie begin en op 28 Oktober 2017 ten einde loop.

Die ligas is 'n inisiatief van die BKK Awas Sporttrust, waarvan Benjamin 'n medestigter is. Die voormalige ster van die Brave Warriors het gister gesê die oogmerk met die liga is om die huidige omvang van georganiseerde jeugsokker te verbreed.

get van Hamburger SV in die Duitse Bundesliga.

Benjamin se BKK Awas Sporttrust is in Oktober verlede jaar gestig met die strewe om vanaf jeug- tot volwasse vlak ligas tot stand te bring om groei in individue en spanne te stimuleer.

Sy strewe is om die volgende sterre te help ontgin wat soos Robert Nauseb, Mohammed Ouseb, Lazarus Kaimbi, Petrus Shitembi, Wangu Gome, Eliphaz Shivute, Ronny Kanalelo, Razundara Tjikuzu en andere die land se naam wyd en syd bekend kan stel.

Benjamin het ook die belangrikheid uitgelig van onderwys en opleiding vir nie net spelers nie, maar ook afrigters.

“Ons wil graag met klubs, skole en ander ontwikkelingsprogramme saamspan om volhoubare strukture ter bevordering van jeugsokker op die been te bring – ook op die gebied van

administrasie en bestuur.”

Die ligas se finansier HopSol Solar Power het in die verlede ook jeugsokker ondersteun, deur honderde kinders die kans te bied om hulself te ontwikkel en vriendskappe met medespelers van verskillende agtergronde te smee.

HopSol se voorsitter, Robert Hopperditzel, het die hoop uitgespreek dat die jeug die kans sal aangryp om in die HopSol-ligas hul vaardighe- de te verbeter en raakgesien te word om hulle onder die bestes ter wêreld te vestig.

“Ons wil sport graag as 'n hulpmiddel gebruik om minstens 1 000 kinders uit die strate te hou en die volgende ikoniese sokkerspelers op te lewer wat Namibië op die wêreldkaart plaas,” het Hopperditzel bygevoeg. Nagenoeg 650 spelers van verskeie



Die voormalige Brave Warriors-speler Collin Benjamin aan die woord by gister se bekendstelling van die HopSol jeugligas.

klubs en skole sal in die liga betrokke wees. Dit word beoog om die ligas in later jare ook na ander streke buiten Khomas uit te brei.